

### HOOFSTUK 3

#### DIE BEGRIP MUSIKALE AANLEG

Naas 'musikale aanleg' word in die relevante literatuur 'n hele aantal begrippe aangetref wat in nouste verband daarmee staan. Aanverwant is byvoorbeeld 'musikale talent', 'musikaliteit', 'musikale vermoë' (of 'vermoëns') wat nadere ondersoek en toeligting noodsaak.

Op grond van die vorige onderskeiding tussen 'aanleg' en 'vermoë', sou afgelei kan word dat 'musikale aanleg' en 'musikale vermoë' eenvoudig op soortgelyke wyse onderskei kan word. Differensiasie word egter aansienlik bemoeilik deur dat sommige skrywers geen duidelike onderskeid maak en ander slegs die een, met skynbare vermyding van die ander term, gebruik. So gebruik Bentley (1966) byvoorbeeld uitsluitlik die term 'vermoë' (ability) terwyl Lehman (1968), Drake (1957), Gordon (1965) en Whybrew (1971) voorkeur gee aan 'aanleg' (aptitude). Vir laasgenoemde skrywer dra 'aanleg', 'talent' en 'musikaliteit' ongeveer dieselfde betekenis (p.89), soos ook vir Colwell (1970, p.70-71).

Mursell (1937, 1970), Shuter (1968) en Farnsworth (1976) maak melding van 'aanleg' en 'talent' maar gebruik feitlik uitsluitlik 'vermoë' (ability). Waar Kwalwasser (1955) en Seashore (1919, 1967) voorkeur gee aan 'talent' maak Lundin (1967) melding van 'kapasiteit' en 'talent' maar gebruik verder uitsluitlik 'vermoë', egter skynbaar as sinoniem met 'aanleg' en 'talent'. Andersins praat hy van 'musikale gedrag' (musical behaviour). Wing (1970a) gebruik 'vermoë', 'kapasiteit' en 'aanleg' sonder onderskeid. Sy toetse staan soms bekend as die "Wing Musical Aptitude Test" (vide 1970, p.83) terwyl sy handleiding (1970b) "Tests of Musical ability and Appreciation" en die toets self (klankopname en toets-antwoordblaai) "Standardised Tests of Musical Intelligence" genoem word.

Révész (1953) onderskei musikaliteit, musikale aanleg, talent en kapasiteit (p.131-135, 141-142) en Schoen (1940) tussen 'musikaliteit' en 'musikale talent'. Gordon (1965) se toets staan as 'n 'aanlegtoets' bekend, terwyl hy ook na 'vermoë' en 'talent' verwys, blykbaar sonder duidelike onderskeid. Ook Zimmerman maak melding van 'musikale aanleg', 'musikale vermoë' en 'musikale

begaaafdheid' en 'musikale kapasiteite' (1971, p.27-28) sowel as musikale 'geletterdheid' (literacy) (ibid. p.5) sonder enige onderskeidende omskrywing, terwyl Blacking (1974, p.5-9) naas 'musikale vermoëns', 'musikaliteit', 'musikale talent' ook van 'musikale genie', 'musikale bekwaamheid' (competence) en 'kapasiteit' praat.

Bestaande toetse word deur Lehman (op. cit.) onder "Tests of Musical Aptitude" en deur Whybrew (op. cit.) onder "Existing Musical Aptitude Measures" bespreek, terwyl Shuter (op. cit.) dieselfde toetse onder "Tests of Musical Ability" en Farnsworth (op. cit.) onder "The Measurement of Musical Abilities" behandel. Laasgenoemde skrywer is egter nie konsekwent in sy terminologie nie want onder die genoemde opskrif bespreek hy in een afdeling die 'toekoms van musikale aanlegtoetse' (p.207). Volgens Gekoski (1964, p.193) moet sodanige toetse 'spesiale vermoë-toetse' genoem word en nie 'aanlegtoetse' nie hoewel hy onderskeid maak tussen 'musikale aanleg' en 'musikale vermoë'. Dit hou natuurlik verband met sy siening dat 'spesiale vermoëns' 'n onderdeel of komponent van 'aanleg' is in teenstelling met die opvatting dat 'vermoë' die meer omvattende begrip is (sien bladsy 7) en aanleg, prestasie en voordrag kan insluit (Madsen & Madsen, 1970, p.31).

Een onderskeid wat wel geredelik gemaak kan word, is dié tussen musikale aanlegtoetse en prestasietoetse (achievement tests). Hierop word egter later teruggekom.

Op soortgelyke wyse as hierbo, word vervolgens 'n groot aantal definisies en omskrywings van 'musikale aanleg', 'musikale talent', 'musikaliteit' en 'musikale vermoë', soos dit in die literatuur voorkom, geanaliseer om die wesenskenmerke te probeer bepaal en ter algemene identifisering en moontlike onderskeiding tussen die begrippe. Weer eens word die belangrikste 'elemente' wat voorkom, in rangorde van frekwensie aangedui sowel as die 'hoofelemente' wat die basis vir die betrokke definisies vorm. Dan volg 'n algemene samevattende definisie en bespreking van sommige omskrywings wat in die literatuur voorkom.

### 3.1 MUSIKALE AANLEG

- Elemente in dalende rangorde met frekwensie aangedui:

Eienskappe, kenmerke (6)	Opleiding, oefening (3)
Kapasiteit (5)	Verstandelik (3)
Prestasie (5)	Tyd (3)
Leer, kennis (5)	Geheue (3)
Fisies (5)	Belangstelling (3)
Potensiaal (4)	Aangebore (2)
Toonhoogte (4)	Bewussyn (2)
Ritme (4)	Vaardigheid (2)
Ontwikkeling (4)	Esteties (2)
Motivering (3)	Handvaardig, motories (2)
Vermoë (3)	Emosie, sensitiwiteit (2)
Intelligensie (3)	Voorstelling, verbeelding (2)
Begrip, verstaan (3)	Bekwaamheid (2)

- Hoofelemente in dalende rangorde met frekwensie aangedui:

Potensiaal (5)	Vaardigheid (2)
Kapasiteit (5)	Talent (1)
Prestasie (3)	Respons (1)
Fisies en verstandelik (3)	Omgewing (1)
Eienskappe, trekke (2)	Opleiding (1)
Begrip (2)	Intellektueel (1)
Leer potensiaal (2)	Geheue (1)
Aangebore (2)	Geestesvermoë (1)

- Musikale aanleg kan in die algemeen samevattend omskryf word as die potensiële vermoë of kapasiteit vir musikale ontwikkeling wat betref begrip, kennis, vaardigheid en prestasie (vide p.13).

Die verskillende omskrywings toon ooreenkoms en verskeie raakpunte hoewel dit in die algemeen redelik uiteenlopend is. Indien 'elemente' wat slegs een keer voorkom by bostaande ontleding gevoeg word, kom die totaal op agt-en-veertig

te staan sodat die seleksie van die belangrikste eienskappe geen geringe taak is nie. Enkele ooreenkomste tussen omskrywings wat basiese aspekte betref, is die volgende, met verwysing na sommige verskille in standpunt by skrywers.

Vir Whybrew (1971, p.89) kom musikale aanleg onder andere neer op die 'potensiaal vir prestasie in die aanleer van musiek', vir Colwell (1970, p.73) op 'leervermoë' en vir Gordon (1971, p.29) op 'leerpotensiaal'. Lehman (1968, p.8) sien dit as die 'kapasiteit vir musikale kennis' en Freeman (1955, p.7) die 'kapasiteit vir die suksesvolle aanleer van en prestasie in musiek'. Daarnaas beskou Gordon (1965, p.1) 'direkte opleiding' as 'n bepalende faktor maar stel Colwell (op. cit.) dit dat, 'in baie gevalle, dit ophou om te verbeter ten spyte van verdere opleiding'.

Wegelin en Wolmarans (1977, p.4) sien musikale aanleg as 'n spesifieke geestesvermoë' terwyl Super & Crites (1962, p.315) dit as 'fisiese kapasiteite, fundamenteel vir sukses in musiek' beskou. Dié twee standpunte word gekombineer in die beskouing dat dit 'n kombinasie van fisiese en verstandelike (geestelike) kenmerke' of kapasiteite is (Good, 1973, p.37; Adams, 1966, p.628; Mitchell, in Mehrens & Lehmann, 1973, p.685) of 'die potensiaal vir die verkryging van musikale vaardighede en begrippe' (Hill in Gordon, 1970, p.96).

Vir Keyzer (1948, p.15, 17) is musikale aanleg 'in die eerste plek 'n saak van die bewussyn, van begrip, en dus is 'die kern...intellektueel' van aard. Dit sluit aan by die vorige standpunte sowel as by Rainbow (1965, p.4) wat dit sien as die 'bewussyn vir musikale klank' en begrip vir musikale verband en verhoudings.

Verskeie skrywers beklemtoon die betekenis en rol van buite-musikale faktore soos belangstelling, motivering, aanmoediging, motoriese vermoë en fisiese koördinasie, insluitende handvaardigheid en energievermoë, asook algemene kulturele agtergrond (Gordon, 1965, p.1; Super & Crites, op. cit.; Adams, op. cit.; Mitchell, op. cit.) en daarby persoonlikheidsfaktore soos verbeeldingskrag, emosionele sensitiwiteit sowel as algemene intelligensie (Keyzer, op. cit.; Super & Crites, op. cit.).

Musikale aanleg word dikwels populêr beskou bloot as 'n kwessie van meganiese tegniese vaardigheid met moontlik iets soos 'n 'musikale gehoor' en 'musikale gevoel' of 'aanvoeling' daarby. Inderdaad is die 'uitvoerende of motoriese vermoë' soos vereis by instrumentale spel, 'n belangrike aspek (Thorndike & Hagen, 1969, p.372) sowel as gehooronderskeiding en toongeheue. Dit is egter nodig om 'n beter gefundeerde ontleding van die inherente eienskappe of komponente te kan gee.

Keyser (op. cit. p.20, 21) onderskei drie musikale vlakke of 'niveaus' naamlik die instinktiewe, intellektuele en intuïtiewe vlak, waarvolgens musiek respektiewelik geniet, onderskei en verstaan kan word. Wanneer eienskappe op al die drie gebiede, in 'n besondere harmoniese eenheid saamgevoeg, aanwesig is en besondere prestasies dienooreenkomstig gelewer kan word, is daar van 'n 'harmoniese musikale begaafdheid' sprake (p.23). Weens die onderliggende samehang en wisselwerking is algehele isolering van eienskappe nie moontlik nie. Tog kan op grond van hierdie betekenisvolle uitleg die volgende onderskeiding gemaak word.

- Instinktiewe eienskappe

Dit kan beskou word as die relatief oppervlakkige klankwaarneming met hoofsaaklik sinlike bevrediging as resultaat: die genot gebied deur klankskoonheid van menslike stemme en instrumente of prikkelende ritmes, ryk akkoorde en 'n boeiende toonkleur. Dit gaan hier waarskynlik om niks meer as 'n blote algemene gehoorfunksie sonder verband met enige hoëre geestesprosesse.

- Intellektuele eienskappe

Dit behels toononderskeiding, veral wat betref toonhoogte en toonsterkte, toongeheue of retensie, dit wil sê die 'vashou' van tone sodat vergelyking, byvoorbeeld van hoër en laer, moontlik gemaak word en toonrelasie, dit wil sê die samehang of verband tussen aparte tone waardeur 'n 'gedagte' kan ontstaan en die toonopvolging sin en betekenis kry.

- Intuïtiewe eienskappe

Hierdeur word die betekenis, inhoud en essensie van 'n musikale werk verstaan. Dit is musikaal-geestelike vermoëns waardeur intuïtief die geestelike inhoud en waardes wat nie persoon- en tydsgebonde is nie, ervaar kan word.

Op grond van bostaande sou onderskei kan word tussen die volgende aspekte van musikale aanleg:

- die sensories-reseptiewe aspek,
- die perseptief-diskriminerende aspek en
- die esteties-interpretatiewe aspek, waarby nog moontlik 'n
- ekspressief-produktiewe aspek gevoeg kan word.

Thorndike & Hagen (1969, p.372) onderskei op soortgelyke wyse tussen die volgende komponente van musikale aanleg:

- sensoriese diskriminasie wat betref toonhoogte, toonsterkte en temporele verwantskappe;
- waarneming van die meer komplekse musikale verwantskappe soos interval-verhoudings, melodiepatroon, akkoordsamestelling en melodie-harmonieverhouding;
- oordeel en beslissing omtrent die gepastheid en aangenaamheid van melodie en harmonie, ritmepatroon of dinamiek.

Gordon (1965, p.1, 11) beskou as die mees basiese faktore musikale uitdrukking, gehoorwaarneming en kinestetiese musikale gevoel. Hierby voeg hy musikale sensitiwiteit en kreatiwiteit. Hoewel 'n musikus besondere aanleg vir die tonale en ritmiese aspekte van musiek mag hê, word dit aan bande gelê deur sy vermoë om hierdie faktore op 'n musikaal sensitiewe wyse uit te druk en te interpreteer. Musikale uitdrukking is vir Gordon die amalgamasie van die spesifieke faktore dinamiek en tempo, terwyl kreatiwiteit deur oorspronklikheid of interpretasie tot uiting kom.

Vir Teplov (1966, p.378-399) is daar drie basiese aanlegdimensies:

1. 'n algemene sin vir tonaliteit, wat insluit 'n begrip vir toonverwantskappe tussen note van 'n melodie en die emosies uitgedruk deur melodiese beweging;
2. die vermoë om 'n melodie te reproduseer deur te sing en op gehoor te speel en 'n innerlike gehoor vir musiek te ontwikkel;
3. 'n sin vir ritme waardeur die ritmiese beweging van musiek aangevoel en gereproduseer kan word.

Daarteenoor onderskei Drake (1957, p.4) slegs twee fundamentele komponente, naamlik musikale geheue en ritme. Die geheuefaktor beskou hy as 'hoogs essensieel in die voorspelling van musikale talent'.

### 3.2 MUSIKALE TALENT

- Belangrikste elemente in dalende rangorde

Aangebore, oorgeërf (5)	Motories (3)
Potensiaal (4)	Sensories (2)
Bekwaamhede, bevoegdhede (4)	Sensitiwiteit (2)
Intellektueel (4)	Temperament (2)
Kreatief (4)	Gawe (2)
Persoonlikheid (3)	Vermoë (2)
Reproduktief (3)	Elemente (2)
Kompleks (3)	Uitvoering (2)
Kapasiteit (3)	Eienskappe (2)
Prestasie (3)	Hiërargie (2)

- Hoofelemente in dalende rangorde

Kapasiteit (3)	Vermoë (1)
Kompleks (3)	Bevoegdhede (1)
Gawe (2)	Potensiaal (1)
Aanleg (2)	Toonhoogteonderskeiding (1)
Uitvoering, voordrag (2)	Melodiese geheue (1)
Eienskappe (2)	Estetiese sensitiwiteit (1)
Persoonlikheid (2)	Ondeelbare eenheid (1)
Hiërargie (2)	Algemene faktor (1)
Klankbewustheid (1)	Konstant (1)

- Samevattend sou musikale talent in die algemeen omskryf kan word as die grotendeels aangebore kapasiteit of potensiaal vir musikale prestasie en die verkryging van bekwaamhede (vide p.19).

Dit is opvallend hoe uiteenlopend die verskillende omskrywings van musikale talent is. Skynbare teenstrydighede wat voorkom, is die volgende:

Vir Osborn (1966, p.14) is musikale talent hoofsaaklik 'kultureel bepaalde eienskappe' terwyl Lundin (1967, p.205) ooreenstemmend dit sien dat talent 'ge oefen kan word tot verskillende grade van bekwaamheid'. Daarteenoor plaas Kwalwasser (1955, p.32) die aksent op 'aangebore, natuurlike toerusting' waarby 'min verandering na ryping' moontlik is en elders (1953) stel hy dit as onwaarskynlik dat musikale talent verband hou met oefening en opleiding. Ook vir Schoen (1940, p.162) is dit nie iets wat gedurende 'n leeftyd verwerf kan word nie.

Révész sien die kreatiewe musikale talent as 'n 'ondeelbare eenheid' (1952, p.31) wat enigszins in ooreenstemming is met die 'omnibus'- of 'gestalt'-benaming van Mursell en Wing wat by musikale talent die bestaan van 'n algemene faktor erken (Lundin, 1967, p.211, 212; Lehman, 1968, p.7, 40, 48). Daarenteen is musikale talent vir Bingham (1942, p.201) en Seashore (1919, p.6) nie enkelvoudig nie maar 'n 'hiërargie van talente' waarvan baie heeltemal onafhanklik van mekaar is. Ook Schoen (1940, p.162) sien dit as bestaande uit verskeie groepe talente waarvan elke groep 'n spesifieke, definitiewe funksie vervul en saam funksioneer om 'n enkele effek te produseer. Op hierdie verskillende standpunte word later weer teruggekom.

Dit is duidelik dat musikale talent 'n hoogs komplekse verskynsel is (Bingham, 1942, p.201; Lehman, 1968, p.8) met verskillende aspekte en dimensies. So onderskei Seashore (op. cit.), Schoen (op. cit.), Bingham (op. cit.) en Révész (1953, p.143) 'n intellektuele aspek terwyl Mursell (1948, p.244) musikale talent sien as 'n 'algemene en deurdringende stelling van die hele persoonlikheid'. Révész (op. cit.) praat van 'die invloed van 'n inspirerende persoonlikheid' asook van 'n 'bepaalde gerigtheid van die persoonlikheid' (1952, p.31) terwyl Bingham (op. cit.) kondisionering deur 'temperament en



emosionele opset' beklemtoon.

Seashore (1919, p.6) onderskei vier 'talentgroepe', naamlik die tonale, ritmiese, motoriese en intellektuele groep terwyl Schoen (op. cit.) verwys na spesifieke kapasiteite of talente wat onder vier hoofde geklassifiseer kan word, by name die aspekte musikale gevoel, musikale begrip, musikale sensitiviteit en musikale virtuositeit, wat die effektiewe, intellektuele, sensoriese en motoriese basis van toonkunstenaarskap uitmaak. Laasgenoemde sien hy as 'primêre faktore' met intelligensie, musikale geheue, wilskrag, selfvertroue en temperament as die belangrikste 'sekondêre faktore'. Révész (op. cit.) onderskei twee talenttipes: die kreatiewe en die reprodktief-interpretatiewe waarvan laasgenoemde onderverdeel word in instrumentaal-virtuose talent en die talent vir dirigering. Vir Franklin (1956) het musikale talent veral twee aspekte. Die eerste omvat toonhoogte, timbre, tyd en intensiteit=onderskeiding en hy noem dit die 'meganies-akkoestiese' aspek terwyl die tweede, op 'n veel hoër vlak geleë is en die 'judisieus-musikale' aspek genoem word. Laasgenoemde vorm die belangrikste aspek van enige algemene musikale faktor (Shuter, 1968, p.185).

### 3.3 MUSIKALITEIT

#### • Belangrikste aspekte in dalende rangorde

Responsiwiteit (5)	Ontwikkeling (3)
Reşepsie, waarneming (5)	Aangebore (3)
Kompleks (3)	Perseptueel (3)
Produktief (3)	Reprodktief (2)
Verstaan, begrip (3)	Intellektueel (2)
Kapasiteit (3)	Vermoë (2)
Emosioneel (3)	Omgewing (2)

• Hooftelemente in dalende rangorde

Responsiwiteit (5)	Kombinasie van verstandspesesse (1)
Perseptueel (3)	Reproduktief (1)
Aangebore (2)	Produktief (1)
Resepsie (2)	Behoeftte (1)
Begrip (2)	Bewustheid (1)
Kompleks (2)	Sosiaal (1)
Kapasiteit (2)	Bekwaamheid (1)

- Musikaliteit kan samevattend omskryf word as 'n sekere komplekse respon= siwiteit en ontvanklikheid vir musiek wat veral perseptuele, produktiewe, intellektuele en emosionele aspekte insluit.

Musikaliteit is 'n diepgewortelde, veelvormige en komplekse verskynsel (Wagner, 1970, p.14) en volgens resente navorsing ten minste net so ingewik= keld as intelligensie (Colwell, 1970, p.71). Omdat die konsep van musikali= teit tans nog geen uniforme en funksionele betekenis dra nie en daar soveel uiteenlopende standpunte in die literatuur aangetref word, is dit veral moeilik om die betrokke komponente duidelik af te baken (Holmstrom, 1963, p.13). Soms word dit, ietwat simplisties, beskryf as die 'ontwikkelde be= kwaamheid in musiek' (Good, 1973, p.380) of die besit van 'n 'responsiwiteit' ten opsigte van musiek (Cooley, 1961, p.108). Naas 'simpatieke emosionele responsiwiteit' word ook 'fisiese ontvanglikheid vir klank' genoem (Brockle= hurst, 1971, p.42) en 'n kombinasie van geestelike prosesse' (Mursell, 1937, p.323) of 'kompleks van psigologiese funksies' (ibid. p.238).

Verskeie skrywers onderskei 'n intellektuele aspek in musikaliteit, veral wat betref die begrip van toonverwantskappe. So beklemtoon Vidor (1931, p.47) en Gaston (1957, p.1) die vermoë om gekoördineerde musikale strukture te begryp' en Révész (1953, p.132) noem 'die kapasiteit om die outonome effekte van mu= siek te verstaan en te ervaar'. Cooley (op. cit. p.111) praat van 'n 'intel= ligente waardering vir musiek' en Blacking (1974, p.9) van 'die menslike ka= pasiteit om klankpatrone te ontdek en hul te identifiseer op daaropvolgende geleenthede'.

Musikaliteit 'deurstraal die hele individu' en vorm aldus 'n 'karaktertrek van die persoonlikheid as geheel' (Révész, op. cit. p.134). Dieselfde skrywer sien dit ook as 'n aangebore eienskap, terwyl Blacking (op. cit. p.46) dit 'biologies aangebore' beskou maar beklemtoon dat sosiale faktore in die praktyk die belangrikste rol speel in die realisering of onderdrukking daarvan. Soos Gaston (op. cit.), wat musikaliteit sien as 'afhanklik van die individu se interaksie met dinge van musikale invloed in sy omgewing', huldig Blacking (op. cit. p.47) die mening dat dit 'die sosiale konsekwensies van bloedverwantskap is wat die groei van musikaliteit affekteer, eerder as spesiale, genetiese oorgeërfde musikale kapasiteite'.

Mursell (op. cit.) onderskei drie aspekte of 'geestelike prosesse' naamlik

1. die affektiewe responsiwiteit vir toon en tonaal-ritmiese patrone,
2. die perseptuele bewustheid van ritmiese groeperings, en
3. die perseptuele bewustheid van tonale verwantskappe.

Wagner (1970, p.41) onderskei, naas 'gehoorvermoë en resepsiebekwaamheid' die reprodktiewe en produktiewe aspekte van musikaliteit. Op grond van sy faktorontleding van 'n hele aantal toetse onderskei Holmstrom (1963) drie groep faktore:

1. primêr 'n toonhoogtewaarnemingsfaktor wat moontlik 'n fisiologiese basis het en slegs effens deur ondervinding in musiek beïnvloed mag word,
2. 'n faktor gebaseer hoofsaaklik op ondervinding en toongehue, en
3. 'n faktor wat verband hou met die intellektuele vlak - 'n breë musikale faktor wat insluit ritme, toonhoogte en geheue sowel as ambisie en algemene vermoë, met 'n sterk intelligensieverband daarby.

### 3.4 MUSIKALE VERMOË

- Belangrikste elemente in dalende rangorde

Opleiding, aangeleer (4)	Algemene bekwaamheid (2)
Bevoegdhede (3)	Sosiaal, kultuur (2)
Verkreë vaardigheid (2)	Voordrag, uitvoering (2)
Aangebore of verworwe (2)	Gedrag, respons (2)

- Hooftelemente in dalende rangorde

Bevoegdheids (3)	Gedrag (1)
Vaardigheid (2)	Oefening, opleiding (1)
Aangebore of verworwe (2)	Aangeleer (1)
Groep komponente (2)	Geheue (1)
Algemene bekwaamheid (1)	Geestelike kapasiteit (1)

- 'n Moontlike definisie van musikale vermoë sou wees die musikale bevoegdheid of vaardigheid, aangebore of verworwe deur oefening en opleiding, met sosiale en kulturele mede-determinante (vide p.17).

Musikale vermoë word deur sommige gesien as 'n verkreë vaardigheid (Lundin, 1967, p.206; Hill in Gordon, 1970, p.96), deur andere as sekere bevoegdheids (Whybrew, 1971, p.89; Shuter, 1968, p.15; Lehman, 1968, p.8). Waar Whybrew en Lehman (op. cit.) musikale vermoë as 'aangebore of verworwe' beskou, praat Lundin (op. cit.) van vermoëns 'aangeleer tot verskillende grade van bekwaamheid' en sien Schoen (1940, p.161-163) dit as iets wat verkry word deur oefening, opleiding en ervaring. Hill (op. cit.) maak melding van 'vaardigheid, formeel of informeel aangeleer' en ook 'die hoeveelheid musikale vaardigheid en begrip wat bereik is op 'n gegewe moment' (p.98) terwyl Shuter (op. cit.) geen 'a priori-implikasie ten opsigte van die omvang van oorerwing' sien nie. Aansluitend is Blocklehurst (1971, p.40) van mening dat dit 'nie essensieel 'n onoefenbare, onveranderlike, vaste biologiese verskynsel' is nie en hy beklemtoon die betekenis van sosiale en kulturele faktore: 'die voordele van 'n ryk musikale omgewing en die effek van hoogs opgeleide onderwys kan nie geïgnoreer word nie', hoewel hy tog toegee dat 'omgewingsfaktore alleen nie musikale prestasies kan verklaar nie'.

Gekoski (1964, p.191) onderskei twee groepe komponente betrokke by musikale vermoë wat saam vir sukses in musiek verantwoordelik is. Die eerste groep is redelik maklik identifiseerbaar en meetbaar, terwyl die tweede groep nie alleen moeiliker is om te identifiseer nie, maar as haas onmeetbaar beskou kan word:

1. die meganiese, sensoriese en perseptuele faktore soos die sin vir toonhoogte, tyd en intensiteit;

2. die inspirerende, emosionele, estetiese, kreatiewe en interpretatiewe faktore.

Wing (1970, p.1, 2) onderskei ook twee groepe faktore:

1. aspekte soos die spoed waarmee 'n individu leer speel, vermoë om gehoor=toetse te doen en die vermoë om musikale aktiwiteite soos komposisie uit te voer;
2. die uitvoeringsvermoë, dit is die wyse waarop verstandelike bevoegdheid in die hantering van musikale materiaal sigself manifesteer. Voordrag of uitvoering beskou hy as 'n bykomstige, aanvullende aspek.

### 3.5 SAMEVATTING

Die volgende uiteensetting gee 'n samevoeging van die belangrikste 'elemente' volgens voorkoms (frekwensie) by die verskillende omskrywings van musikale aanleg, talent, musikaliteit en vermoë ten einde 'n meer direkte vergelyking moontlik te maak.

	<u>Aanleg</u>	<u>Talent</u>	<u>Musikaliteit</u>	<u>Vermoë</u>	<u>Totaal</u>
Aangebore, oorgeërf	2	5	2	-	9
Potensiaal	4	4	1	-	9
Prestasie	5	3	-	1	9
Kapasiteit	5	3	3	1	12
Eienskap, kenmerk	6	2	1	-	9
Begrip, verstaan	3	1	3	1	8
Respons	1	1	5	1	8
Intellektueel	1	3	2	-	6
Leer, kennis	5	1	-	-	6
Reproduksie	1	3	2	1	7
Oefening, opleiding, aangeleer	6	1	-	3	10
Resepsie, persepsie	-	-	7	1	8
Kreatief, produktief	-	3	3	1	7
Intelligensie	3	1	1	-	5
Aangebore of verworwe	-	1	-	2	3

Musikale aanleg, talent, musikaliteit en vermoë word, soos voorheen genoem, (p.37) dikwels as gelykwaardig of sinoniem beskou en geen duidelike onderskeid gemaak nie. Volgens bostaande ontleding van voorafgaande omskrywings wil dit voorkom of daar heelwat oorvleueling is, maar daarenteen egter ook eienskappe

of aspekte wat onderskeidend is. So is musikale aanleg hierbo as 'n 'potensiële vermoë', talent as 'n 'aangebore kapasiteit', musikaliteit as 'n 'sekere responsiwiteit' en vermoë as 'bevoegdheide of vaardighede' beskryf. Hieruit is die onderskeiding egter geensins baie duidelik nie. Uit bostaande ontleding kan wel die volgende afleidings gemaak word.

Die aangebore aspek word by 'talent' sterker beklemtoon as by 'aanleg' en 'musikaliteit' en slegs indirek ('aangebore of verworwe') by 'vermoë' vermeld. Daarteenoor ontvang 'potensiaal' by 'aanleg' en 'talent' heelwat aksent maar word slegs een keer by 'musikaliteit' genoem. 'Prestasie' word by 'aanleg' beklemtoon, minder so by 'talent' en glad nie by 'musikaliteit'. Responsiwiteit of 'respons' kom by 'musikaliteit' sterk na vore maar word slegs 'n enkele keer vermeld by 'aanleg', 'talent' en 'vermoë'. Die kapasiteit om musikale kennis deur die leerproses te verkry word by 'aanleg' sterk beklemtoon, nouliks by 'talent' en glad nie by 'musikaliteit' en 'vermoë'. Die skeppende of kreatiewe aspek kom by die omskrywing van 'talent' en 'musikaliteit' voor maar nie by 'aanleg' nie en slegs een keer by 'vermoë'. 'n Algemene intellektuele aspek kom by 'talent' die sterkste na vore, intelligensie by 'aanleg', terwyl 'begrip' by 'aanleg' en 'musikaliteit' sterker as by die res beklemtoon word.

In teenstelling met die meeste ander skrywers onderskei Révész (1953, p.142) tog wel tussen 'aanleg', 'talent' en 'musikaliteit'. Waar 'aanleg' 'geskiktheid vir (musikale) uitvoering' aandui, is 'talent' volgens hom 'kapasiteite vër bo die gemiddelde op 'n spesiale gebied van menslike aktiwiteit' soos musiek, en 'musikaliteit' daarteenoor, 'die behoefte en kapasiteit om...musiek te verstaan, te ervaar... en te waardeer' (p.132).

Dit wil hieruit voorkom of die term 'musikale talent' in 'n meer eksklusiewe sin as die ander gebruik word, as 'n besondere, hoogstaande aanleg of vermoë, in 'n soortgelyke sin as wat 'begaafdheid' hierbo (p.23) as 'n hoëgraadse vermoë beskryf is en moontlik met die implikasie van 'n 'uitvoeringskapasiteit' (Lundin, 1967, p.206) en algemene kreatiwiteit. Aanleg sou dan meer op 'n algemene graad van potensiële bevoegdheid vir musikale prestasie dui. Musikaliteit, daarenteen, word ook in 'n breë, algemene sin verstaan, maar dan meer as 'n

neiging, 'n behoefte of drang na musiek, die verstaan en 'waardeer' daarvan, sonder dat noodwendig 'n potensiële uitvoeringskapasiteit of geskiktheid vir musikale prestasie geïmpliseer word. So word die begrip 'musikaliteit' dan ook soms beperk tot algemene musikale ontvanklikheid of waarnemingsvermoë (Schoen, 1940, p.151).

'Musikale vermoë', aan die anderkant, verwys na algemene verkreë musikale bekwaamheid of vaardigheid - iets wat reeds bereik is. Hierbo is telkens verwys na 'musikale kapasiteit'. Dit kan beskryf word as 'die biologiese potensiaal wat as raamwerk dien waarbinne musikale handeling ontwikkel' (Lundin, op. cit.) en is nie soseer besondere aangebore gedragspatrone, verstandelike bevoegdhede of gawes nie.

Van der Walt (1970) behandel 'aanleg' en 'talent' apart, maar kom dan tot die konklusie dat daar eintlik nie 'n definitiewe verskil tussen die twee begrippe gemaak kan word nie. 'Dit is eintlik twee benamings vir dieselfde vermoë van die mens' (p.80). Dit blyk dan ook uit die voorafgaande dat 'n mate van onderskeiding wel moontlik is, maar dan in geen absolute sin nie en dat die begrippe 'musikale aanleg', 'talent' en 'musikaliteit' in 'n hoë mate oorvleuel.

Samevattend kan musikale aanleg vir die huidige doel gesien word as 'n spesifieke potensiële kapasiteit, onderskeibaar van algemene intelligensie, maar wat aanvullend daartoe op die beperkte gebied van musiek funksioneer. Dit is 'n kombinasie van psigiese eienskappe, soos deur empiriese navorsing blootgelê (en dus afgelei uit toetsprestasie), wat 'n aanduiding gee van toekomstige ontwikkeling en prestasie.